

Herwin so veilig as moontlik

As dit by die herwinning van voertuie kom, is dit die beste plan om regtig te weet wat jy doen. By die WegRy-4x4-Akademie beantwoord ons al jou basiese vrae en help jou om so veilig as moontlik te herwin.

Die kuns van voertuigherwinning is nie vreeslik ingewikkeld nie. Tog heers daar 'n groot klomp onkunde onder gewone 4x4-manne. Die probleem is: as jy dinge nie reg doen nie, breek 'n stuk toerusting en dan het jy waarskynlik 'n baie groot kettie wat 'n vet stuk yster in 'n onvoorspelbare rigting inskiet. Dalk met tragiese gevolge.

Wat is 'n kinetiese tou?

As jy vassit, kan jou pël Piet jou nege uit die tien keer met 'n gewone 5m lange sleeptou uitsleep. Maar soms sit jy so vas dat uitsleep nie werk nie. Dan het

jy 'n kinetiese herwinning nodig.

Die kinetiese tou of strop (*snatch strap*) is een van die slimste, eenvoudigste en effektiwste stukke toerusting wat die 4x4-wêreld nóg ontdek het. Dis ook die grootste rede hoekom voertuigherwinnings potensieel baie gevaarliker geword het.

Dis 'n baie sterk rek waarmee jy 'n voertuig wat vassit met 'n ander voertuig uitpluk. As jy een voertuig met 'n ander voertuig pluk, verplaas jy 'n geweldige klomp kinetiese energie van die voorste voertuig na die agterste een – dis die energie van die voertuig wat vorentoe beur, plus die energie van die rek self.

Die risiko van só 'n soort herwinning is dat jy 'n stuk toerusting in die "herwinningsketting" kan breek, en dis wanneer die ysters rondvlieg.

Hoe keer ek dat toerusting breek?

Elke stukkie toerusting wat jy in 'n herwinning gebruik, het 'n breekpunt. En jy moet weet wat daai breekpunt is sodat jy jou herwinning so veilig as moontlik kan beplan.

Die breekpunt van elke stuk behoorlike herwinningstoerusting is gemeet of gegeradeer (*rated*) om vir jou te kan sê onder watter stremming (gemeet in lb of kg) dit sal breek.

Die gradering van 'n stuk herwinningstoerusting word op die toerusting aangedui, meestal as die bruto voertuigmassa (BVM of

GVM – meestal rondom 4 ton). Hierdie gradering is afgelei van die stuk toerusting se minimum breekkrag (MBS), wat tot 4 keer die voertuig se massa kan wees (in baie gevalle rondom 16 ton).

Die eenvoudige rede hiervoor is dat dit baie meer krag (in kg) vat om 'n voertuig wat byvoorbeeld in modder vassit, aan die beweeg te kry as wat die voertuig weeg. Die bruto voertuigmassa moet natuurlik meer wees as jou voertuig se massa of die massa van die ligste voertuig in die herwinning.

Wat is die regte soort herwinningspunt?

Mense maak soms die fout om te dink dat die hakie waarmee voertuie op vervoertrokke of skepe vasgestrop word, die herwinningspunt is.

'n Behoorlike herwinningspunt is 'n gegeradeerde haak of lus wat direk aan 'n voertuig se onderstel vasgebout is met hoëspanningstaalboute wat met 'n wringsleutel (*torque wrench*) vasgedraai is.



Onderskrif. Ut illab ipid qui omnimam nihilla ccatemqui ra pe volum illat aut exero te ventiis is doles raesequ idenisSum am cus moleseceptae la




Onderskrif. Ut illab ipid qui omnimam nihilla ccatemqui ra pe volum illat aut exero te ventiis is doles raesequ idenisSum am cus moleseceptae la



Onderskrif. Ut illab ipid qui omnimam nihilla ccatemqui ra pe volum illat aut exero te ventiis is doles raesequ idenisSum am cus moleseceptae la

*In die Junie-uitgawe van WegRy gee ons nog herwinningswenke.



Kry jou 4x4-papier die WegRy-manier!



Is jy effens senuagtig oor al die knoppies in jou nuwe 4x4? Of kan jy al 'n paar toertjies met jou wiele doen, maar jy't nog nooit die basiese beginsels geleer nie? Of het jy op 'n plaas met 'n stuurwiel in die hand grootgeword, maar jy't nodig om

jou ryvernuif op te skerp? Kom doen die inleidende 4x4-kursus by die WegRy-4x4-Akademie. Ons bied 'n uiters professionele kursus aan en jou kwalifikasie is geakkrediteer by die vaardighedsontwikkelingsowerheid vir vervoer (Teta). As die nuwe

4x4-wet goedgekeur word, sal jy dus gekwalifiseer wees om in ekologies sensitiewe gebiede te bestuur. Die WegRy-4x4-Akademie bied die kursus aan in samewerking met die geakkrediteerde span van die African Off-Road Academy.

	Mei	Junie		Mei	Junie
Gauteng			Mpumalanga		
Johannesburg	12-13	9-10	Nelspruit	26-27	23-24
Oos-Rand	26-27	30 Mei-1 Jun	Middelburg	12-13	2-3
Pretoria-Noord	5-6	2-3	Witbank		2-3
Pretoria-Oos	26-27	9-10	KwaZulu-Natal		
Centurion	26-27	9-10	Durban	19-20	30 Mei -1 Jun
Vaaldriehoek	12-13	9-10	Zoeloeland	26-27	23-24
Limpopo			Wes-Kaap		
Pietersburg	12-13		Wynlande/Helderberg	19-20	
Makhado		9-10	Skierieiland		16-17
Nylstroom	5-6	23-24	George	26-27	23-24
Noordwes			Weskus & Swartland	19-20	9-10
Klerksdorp	26-27		Oos-Kaap		
Rustenburg		23-24	Oos-Londen	19-20	16-17
Vrystaat			Port Elizabeth	19-20	16-17
Bloemfontein	26-27		Noord-Kaap		
Welkom	23-24	9-10	Kimberley		2-3

Wat jy moet weet

Koste? Dit kos R1 550 per persoon vir die geakkrediteerde basiese opleiding. As jy jou man of vrou wil saambring, kos dit R1 050 vir die tweede persoon en julle deel dan die studiemateriaal en handboek.

Hoe bespreek ek? Besoek www.wegry.co.za en klik op die WegRy-4x4-Akademie. Volg die aanwysings en betaal. Jy sal 'n e-pos-bevestiging met nog inligting ontvang. Al wat jy nog moet doen, is om op te daag.

Wat moet ek bring?

Jou eie 4x4

Wat kry ek?

- Studiemateriaal en handboek;
- Sertifikaat (akkreditasiebewys);
- Koffie, tee en middagete.



GEREED VIR AVONTUUR!



SIDEBITER



CLASSIC LOCK



TORQUE



CLASSIC II BLACK



CLASSIC II



CLASSIC LOCK BLACK



DC-2

DEEL IN DIE LEGENDE!

Versprei deur ATS

+27(0)11 670 8400

Beskikbaar by goedgekeurde handelaars landswyd



www.dickcepek.co.za

www.mickeythompson.co.za